N.G. SENDINGKERK, KROONSTAD.

JAARRAPPORT: 1 DESEMBER 1954 TOT 30 NOVEMBER 1955.

Dit is vir my 'n voorreg om my vierde jaarrapport aan die Sendingraad, die vier kerkrade en ander belanghebbede en belangstellende Kerklike liggame voor te lê en as volg te rapporteer:-

TRONK: Dit is met dankbaar heid dat ek kan meld dat ek reeds twaalf jaar onafgebroke as kapelaan optree van die Departement van Gevangenisse en wat 'n deel vorm van die Sendingwerk in Kroonstad. Behalwe twee Sondae wat ek afwesig was weens bywoning van die Sending-Sinode op Dewetsdorp, het ek elke Sondagmôre die plaaslike tronk besoek van 8 tot 10vm. Aparte boodskappe word gegee aan die blankes, die naturellevroue en -mans. Nuwe Testament of los Evangelies in Afrikaans Engels, Sotho, Zoeloe en Xhosa word aan talle begerige siele oorhandig, asook Die Ligstraal aan die nie-blankes en die Kerkbode en ander opvoedkundige blaaie aan blankes. Vanjaar kon ek met behulp van belangstellendes 'n biblioteek van 60 boeke begin vir die blankes.

Hierdie inrigting word verskuif na 'n groter terrein in Noordhoek en sal grootliks uitgebrei word.

Die hoogste getal gevangenes vanjaar was 491 en die gemiddelde besoek per Sondag was 338. Die aantal blankes het van 20 tot 45 per Sondag gewissel. Die groot getal wat kom en gaan gedurende die jaar het op 17,550 te staan gekom.

GENEVA: Kon vanaf die stigting (Augustus 1952) deur ons kerk bearbei word, 'n besondere voorreg. Vanjaar het ek 22 Sondagmiddae daarheen gegaan vir dienste vanaf 2:30 tot 3:30. Ook is daar talle blaaie en Evangelies versprei. Die hoogste getal daar was 314 en die gemiddelde besoek per Sondag was 291 en die totaal 6683.

As bedink word dat die groot getal nie-blankes gedurig na reserwes in en buite ons land beweeg, dan word ook besef hoe hulle die Woord en sy boodskappe verder uitdra.

DIENSTE IN LOKASIE:- Ek kon vanjaar 13 dienste in die lokasie waarneem, bygewoon deur 8238 siele of gemiddeld 634 per diens. Die bywoning van die eredienste is besonder goed, veral tydens die vier Nagmaalsvierings. By die laaste samekoms in Oktober het 990 volwassenes en 796 kinders (totaal 1786) die oggenddiens bygewoon en die namiddag by die Nagmaalsdiens (net belydende lidmate) was die getal 798 uit die sowat 11,000 lidmate.

Op Heuningspruit en Smaldeel waar elk 'n Evangelis geplaas is, twee uithoeke van die distrik, word gereeld Nagmaal gevier en doop en huwelik bedien.

Elke Sondagmiddag word 'n diens in die skoolsaal by Scisoville gehou. Hierdie naturelle-woonbuurt met goeie klas woonhuise brei vinnig uit en die gedagte van die Sendingraad om daar 'n evangelis te plaas, insluitende vir die dorpsnaturelle, is 'n grootse gedagte.

Op vier verskillende plekke op die dorp (in elke gemeente) word garagedienste gehou wat goed bygewoon word en ook vir die bedienaes van die koshuise.

DISTRIK: In die distrik kon ek vanjaar 28 dienste hou. Na die samekomste word Bybels en ander literatuur meegeneem waarin groot belangstelling heers.

Dienste is gehou by die volgende skole of ander sentra:-

SENTRUM.	BESOEK.	SENTRUM	BESOEK.
Fontein	200	Landskroon	397
Heuningspruit	160	Malana	152
Grace	33	Bosrand	80
Kransspruit	91	Heuningspruit	197
Frederichsrust	101	Holfontein	213
Palm	67	Pietershoek	181
Grootdam	144	Sweethome	304
Helderwater	65	Beukeskuil	102
Novia Scotia	85	Smaldeel	269

2/....Minverdrag

Sentrum	Besoek	Sentrum	Besoek
Minverdrag	93	Hamiltonsrust	152
Theronsdrif	137	Kroonheuwel	129
Mnr. Sarel du Plessis	170	Riverside(Skeer)	163

TOTAAL :- 3635.

MOEDERGEMEENTES:- Gedurende die jaar het ek by 38 verskillende geleenthede voor blankes opgetree by bidure, dienste, die V.S.B. en K.J.V. takke bygewoon deur 1559 belangstellendes. In merendeel gevalle het dit die Sendingsaak geraak en kon die goeie saak steeds gepropageer word. In Kroonstad-Noord-gemeente het ek gedurende die jaar weeklik 60 jongmense van die vier moedergemeentes vir die aanneming voorberei; 'n werk wat ek die afgelope 32 jaar in Kroonstad onafgebroke gedoen het en oor 2000 jongmense vir lidmaatskap voorberei het. Hierdie taak is so pas afgesluit.

SKOLE:- Sedert 1 April vanjaar is die skole deur die Departement van Naturelle-onderwys oorgeneem en 'n aanpassende Bantoeonderwysbeleid gevolg word wat gewis goeie resultate sal lewer. Die eienaars van die skole stel sedertdien hul bestuurders aan, met die gevolg dat 9 skole vroeër onder die sorg van die Metodiste-kerk nou onder my sorg geplaas is wat die getal skole verhoog tot 31 en nog 5 verlang tot stand te kom. Dit beteken baie administratiewe werk, maar dien tergelyketyd as 'n kragtige middel en moontlikheid om die N.G. Sendingwerk grootliks te bevorder. By al hierdie skole word beurtelings Sondae dienste gehou, asook so ver moontlik, Sondagskool en Katkisasieklasse. Die oorplasing van die skole van provinsiale tot Uniale beheer vanaf 1 April het aanvanklik baie administratiewe pligte verdis, maar gelukkig het my ses maande verlof dieselfde tyd my in die goeie geleentheid gestel om sake ten beste te reël.

Vir die informasie van die Raad dien dat die skool op Grootvlei (Mnr. Dyter) na Palmietkuil (Mnr.Fullard) verskuiwe is, Minverwag word gesluit en word dan twee skole by Mnr. Willie Meyer (Doornspruit) en dr. Dykman (Barnato). By die Riverside-kwekery, in opposisie tot die Roomse skool, word 'n nuwe skool opgerig wat ook as sentrum van gereëlde dienste Sondae sal dien.

In hierdie skole is vanjaar (rol einde Oktober) 3437 kinders en 65 onderwysers(esse) wat merendeel as lidmate van die N.G. Sendingkerk aangestel word en leerkragte deur die N.G. Kerk se opleidingcentra voorberei en wat alles ten goede bydra tot die groei en bevordering van die N.G. Sendingkerk.

Op Hamiltonsrust is die eerste skool onder die nuwe stelsel opgerig wat baie doeltreffend is en die trots van die Bantoe-ouer en -kind.

KLEURLINGE:- Die Sondagskool wat reeds sowat 25 jaar oud is, word nog gereëld Sondae gehou deur die blankes, goed bygewoon en baie waardeer word. Die Groepsgebiedewet van die Staat sal gewis die Sendingsaak bevorder deurdat die Kleurlinge vroeg aanstaande jaar apart sal woon en hul kinders verplig word om hulle eie skool by te woon en ook Kleurlinge die naturelle-woonbuurt moet verlaat. Die Sendingkerk het min lidmate, maar 'n apparte werkkring (en later gemeente kan opgebou word). Die plan van die Sendingraad om 'n Kleurling-evangelis aanstaande jaar te verkry, word deur die Kleurling-gemeenskap besonder waardeer en sal hy gewis 'n ope arbeidsveld hê. Die broers, Mnre. Wicus en Stoffel Rautenbach wat baie belangstel in die geestelike belange van die Kleurlinge, het £108 en £60 (totaal £168) in die fonds van die Sendingraad gestort om ten behoewe van die Kleurlinggemeenskap gebruik te word. Ook het 'n naamlose skenker £100 aan my gestuur om gebruik te word tot die beste geestelike heil van die nie-blankes in Kroonstad. Bydrae van so 'n aard stem tot innige dankbaarheid.

3/....BYBELVERSPREIDING....

BYBELVERSPREIDING:- Gedurende die jaar is die volgende boeke verkoop of gratis versprei:-

Bybels :	422(408 in 1954)
Gesangboeke	108(222 in 1954)
Johannes:	2150(2400 in 1954)
Die Ligstraal	byna 9,000 blaaie versprei.

ALGEMEEN:- Deur die vriendelike steun kon vanjaar talle meer Ligstrale versprei word wat gretig ontvang en gelees word. So het die Kerkraad van Kroonstad-Noord £25 as intekengeld op blaaie gegee, 'n sendingvriendekring van die vier gemeentes het hulle inteke-ningsaantal verhoog. Die V.S.B. tak van die Moerdergemeente het £10 bygedra vir die omheinings-herstelling van die Kerkgrond in die lokasie en die tak van Kroonstad-Noord het £40 bygedra vir die op-rigtingskoste van die nuwe skoolgebou wat eerlang by die Riverside-kwekery opgerig sal word.

Die gees van hartlike samewerking in die gemeentes in be-lang van die geestelike en opvoedkundige belange van die nie-blankes word ten seerste waardeer.

Ek het in die afgelope jaar 1937 myl afgelê en kollektes by die dienste het £16.5.6. beloop.

Op Oujaarsmiddag word die ou lidmate (70 jaar en ouer) trakteer en 'n boodskap gegee wat baie waardeer word.

SLOT:- Die vriendelike steun en hartlike medewerking van die Sendingraad, die vier Kerkrade, die Sustersverenigings, die K.J.V. Takke en ander belangstellende liggame, die Inspekteur van Naturellenonderwys, eienaars van skole op die plase en andere word inniglik waardeer en dien as bemoediging om voort te gaan in Sy Naam en Sy Koninkryk te help uitbrei.

Die uwe in Sy Diens,

J.J. BOTES.